Langenhovenpark
Die GEMEENTE vir elke generasie

# OMGEE NUUS

## SONDAG 27 JULIE 2025

## Eredienste

**09:00 Erediens Nagmaal**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Psalm 8
**Tema:** Hulle weet nie wat ons weet nie

**18:00 Aanddiens**
**Liturg:** Ds Gerhard Meyer
**Teks:** Psalm 8
**Tema:** Hulle weet nie wat ons weet nie

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk (3-6 jariges) - Gemeentesentrum**
**Aanbieder:** Sue
**Tema:** Hoe sonde begin het.

**09:00 Kinderkerk (Gr 1 – 3) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Wat beteken dit om ‘n verhouding met Jesus te hê? (Verskeie teksgedeeltes)

**10:00 JOG (Gr 4 – 7) – Kleinkerk**
**Aanbieder:** Lisa Lombaard
**Tema:** Wat beteken dit om ‘n verhouding met Jesus te hê? (Verskeie teksgedeeltes)

**10:00 TvC (Gr 8 – 10) – Kerkgebou**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Jesus se intog in Jerusalem ( Lukas 19:37-42)

**10:00 Belydenis groep (Gr 11) – Lokaal 1**
**Aanbieder:** Ds Gerhard Meyer
**Tema:** Hoe werk die Bybel?

### DIE KOMENDE WEEK…

**Maandag 28 Julie**
**18:00** Eiendomme Werkgroep – Lokaal 2
**18:00** Diensverhoudinge – Lokaal 1
**Dinsdag 29 Julie**
**18:00** Elektroniese bediening – Lokaal 2
**18:00** Kommunikasie Werkgroep – Lokaal 1
**Woensdag 30 Julie**
**09:00** Bybelstudie – ds Leon
**18:00** Mannegroep – Lokaal 2
**Donderdag 31 Julie**
**08:45** Bybelstudie ds Gerhard (Kleinkerk)
**14:30** Naaldwerkklasse

### SONDAG 3 AUGUSTUS

**09:00 Erediens**
**(Kanselruiling Ringsgemeentes)**
**Liturg:** Ds Hannes du Plessis

Ds Leon besoek Universitas-Wes gemeente en ds Gerhard Uitsig gemeente.

### JEUG

**09:00 Kleuterkerk – Lokaal 2**
**09:00 Kinderkerk – Kleinkerk**
**10:00 JOG – Kleinkerk**
**10:00 TvC – Kerkgebou**
**10:00 Belydenisklas – Lokaal 1**

**Sinodale kollekte**:- 10% van ons kollekte, van vandag, word bygedra tot **Bedieningsfonds**

## Lief en Leed

Margaret Bornman, herstel na ‘n operasie.

**Verjaarsdae 80 en ouer:**

Margaret Bornman, Caritas, verjaar 29 Julie (83)

## Nuwe lidmate

Baie welkom aan nuwe lidmate wat by ons gemeente inskakel. Ons wil graag van jou weet en vir jou kom kuier!

Meld by die kerkkantoor aan na die diens, waar jy ‘n vorm kan voltooi sodat ons jou inligting op ons databasis kan stoor of stuur ‘n epos na ngklhp@mweb.co.za om ‘n vorm te ontvang.

## NOODSPENS

Woensdag 30 Julie maak ons weer kospakkies op. Enige nie-bederfbare voedsel is welkom. Toiletware (tandepasta en seep) is ook baie welkom.

Produkte kan gedurende die week of Sondae by die kerkkantoor afgelewer word.

## PANNEKOEK VERKOPE

Saterdag 2 Augustus kry ons weer geleentheid om pannekoek te verkoop by Pick ‘n Pay Towers. Fondse t.b.v. die Noodspens. Kom koop heerlike varsgebakte pannekoek vir slegs R5.

Indien jy by hierdie projek betrokke wil raak hetsy om te help bak, rol of as kassiere, gee jou naam by die Kerkkantoor op.

**Ons benodig veral nog persone wat ‘n bakkie het wat kan help met die aanry van tafels en gasbottels.**

## Aksie Afgetredenes

**Dinsdag 5 Augustus 10:00**

**BYBELHUIS**

Ons besoek die Bybelhuis en die spreker is dr Elrika Senekal v d Berg.

Sy is die spanleier Sentrale Streek (Vrystaat Noord Kaap ) van die Bybelgenootskap.

**Die Tema: Werksaamhede van die Bybelgenootskap en hoekom die verskillende vertalings, 33, 53, 83 en 2020.**

Daarna kuier ons saam om ‘n koppie tee en ligte verversings

Almal welkom, lede of nie lede.

Ons ontmoet mekaar by die Bybelhuis, indien jy vervoer benodig, kontak die kerkkantoor.

## ENGO PROJEK VAN HOOP

Vir ‘n donasie van slegs R50 staan jy ‘n kans om ‘n Renault Kwid Climber te wen.

Amor Jeugsorgsentrum ontvang ‘n persentasie van die inkomste uit die kaartjie verkope.

Kaartjies is by die kerkkantoor beskikbaar.

## KERMIS SPITBRAAI ETE

### DINSDAG 23 SEPTEMBER (aand voor Kermis) 17:30 vir 18:00

Kom geniet ‘n heerlike spitbraai ete met ‘n spyskaart van lamsvleis, hoender, aartappelgereg, pampoenpoffertjies, boontjies, slaai en malvapoeding met vla.

**Prys** Kinders 0-6 **gratis**; 7-12 **R50** 13 jaar en ouer/volwassenes **R100**. Daar is slegs 100 kaartjies beskikbaar. **Kaartjies is reeds beskikbaar.**

‘n Tent met tafels en stoele is beskikbaar, bring jou eie borde, glase, eetgerei, tafeldoek en drinkgoed.

**Daar gaan musiek wees asook ‘n springkasteel vir die kinders. Kom ontspan, kuier en eet lekker saam!**

1707067325

# KERMIS 24 SEPTEMBER

Kermis is oor minder as 2 maande dus moet ons sorg dat ons genoeg produkte en hande het om die dag 'n sukses te maak.

Hieronder 'n lys van tafels waar produkte/hulp benodig word:-

**PANNEKOEK**
Persone wat kan help met bak en rol

**VLEIS**
Kassiere, hulp met verkope en persone wat kan vleis braai

**WIT OLIFANT**
Hulp met uitpak en merk en hulp met verkope op die dag van die Kermis.
Ons benodig elektriese ware (in werkende toestand), ornamente, kombuisware, boeke (nie tydskrifte), kamptoerusting ens ens of wat ookal jy nie meer kan gebruik nie.

**POEDING**
Benodig koue en warm poedings asook hulp met verkope.

**SOETTAND**
Maak jy oulike lekkergoed vir kinders?
Help ons Soettand tafel met lekker en interessante eetgoed. Hulp met verkope word ook benodig.

**KOFFIE, TEE EN KOELDRANK**
2 Sjokolade koeke wat saam met koffie of tee verkoop kan word.
Dit kan die 23ste afgelewer word of die oggend van die 24ste voor 08:00.

**KERRIE EN RYS**
Hulp met verkope.

**HANDWERK**
Is jy handig met jou hande? Kan jy naaldwerk of houtwerk doen, bring jou artikels vir ons.
Hulp word benodig met uitpak van goedere Dinsdag 23ste asook met verkope.

**GEBAK**
Kan jy bak of terte maak?
Ons benodig soet- en soutterte, kleinkoekies, beskuit en ander gebak.

**PLAASKOMBUIS**
Ingelegde groente, vrugte en konfyt.
Roosterkoek

**SPELETJIES**
Idees vir speletjies en kompetisies vir die kinders. Jy kan ook help om dit aan te bied.
Hoërskool kinders wat kan help met toesig by die springkasteel Dinsdagaand en Woensdag.

**Indien jy met enige van bogenoemde wil help, skakel die Kerkkantoor. As jy moontlik in verbinding met die koördineerder van 'n spesifieke tafel wil kom is jy welkom om hul nommer by die Kerkkantoor te kry.**
**WAS JY BY 'N VORIGE GEMEENTE BY DIE BASAAR BETROKKE DAN HET ONS JOU IDEES EN HANDE NODIG!**

# KERMIS 24 SEPTEMBER 2025

## BESTANDDELE BENODIG

Nie-bederfbare produkte kan solank by die Kerkkantoor afgelewer word.

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | LEKKERS:- | |
| Appelkooskonfyt | 5 blikke | | |
| Asyn (bruin) | 2 bottels | • Gemengde lekkers | 13 pakke |
| Bakmargarien | 15 kg | • Jellie lekker | 6 pakke |
| Bakmargarien – Stork | 6 kg | • Malvalekkers groot | 14 pakke |
| Baksjokolade (Bruin) | 5 kg | • Cadbury Tumbles Raisins | 4 pakkies |
| Baksjokolade (Wit) | 4 kg | • Malvalekkers klein | 7 pakke |
| Bakpoeier | 6.5 kg | • Peppermint Crisp | 16 |
| Blatjang 750ml bottel<br>Blatjang 1.5kg<br>Blatjang 3kg emmer | 10 bottels<br>5 bottels<br>2 emmers | • Smarties | 10 groot |
| Borrie | 1kg | • Suurwums | 10 pakke |
| Botter | 1kg | • Toffies | 8 pakke |
| Bruismeel | 12.5kg | • Vrugtelekkers (klein) | 6 pakke |
| Bruinsuiker | 4kg | | |
| Caramel Treat | 22 blikkies | Margarien (smeer) | 2 kg |
| Cremora | 1kg | Mariebeskuitjies | 14 pakkies |
| Crush pynappel | 5 blikke | Mieliemeel | 12kg |
| Fruit Cocktail | 11 blikke | Oreo Koekies | 8 pakke |
| Granadella mousse | 8 blikkies | Orley whip | 6 botteltjies |
| Ideal melk | 10 blikkies | Rice Krispies | 6 pakke |
| Jellie | 55 pakkies | Roomys horingkies (klein) | 3 pakke |
| Kakao | 1,5 kg | Rys | 28kg |
| Kaneel | 1 kg | Sago | 4 pakkies |
| Kerrie Matig | 1 kg | Snowflake muffin mix (Sjokolade) | 3 pakkies |
| Kitspoeding | 12 pakkies | Snowflake muffin mix (Vanilla) | 3 pakkies |
| Klapper | 12 kg | Soutvleis (Beef) | 3 blikkies |
| Klein pakkies chips | 96 | Sout | 500 g |
| Koekmeel | 105kg | Springmielies (Pitte) | 3 pakkies |
| Kondensmelk | 65 blikkies | Strooisuiker | 13 kg |
| Kookolie | 14 liter | Suiker | 64 kg |
| | | Suurlemoensap | 6l |
| **BEDERFBARE PRODUKTE:-** | | Tamatiesmoor | 26 blikkies |
| Appels | 5 Sakkies | | |
| Bacon | 1kg | Tamatiesous | 2 bottels |
| Cheddar kaas | 1.5kg | Tamatiesop (pakkies) | 5 pakkies |
| Eiers | 29 dosyn | Tennisbeskuitjies | 27 pakkies |
| Gemengde gevriesde groente (blokkies) | 10kg | Vanilla essence | 2 bottels |
| Jogurt – granadilla | 2 x 250ml | Versiersuiker | 16 kg |
| Room (vars) | 500 ml | Vla (1 liter houers) | 45 |
| Uie | 20 | | |



**KONTANT BYDRAES IS OOK BAIE WELKOM**